# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon
## Desember 2018



*For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe*

*Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV*

## *Sommer net vir die onthou.... Brunner Grandslam 2008*





















# Editors page / Redakteur se blad

## Indeks / Index


| | |
|---|---|
| Editors Column | 1 |
| Editorial | 2 |
| Kers- en Nuwejaars boodskappe van sommige lede | 3 |
| Kom ons kyk in die spieël - Rob Lombaard | 5 |
| SA's 2018 in Bloemfontein - Seppie Esterhuizen | 6 |
| Scoreboard and Rules | 12 |


## Birthdays

***A057* - Cyril Jasper - 01-Jan***
***H019 - Tom Ryke - 01-Jan***
***A009* - Phillip Lee - 01-Jan***
***V001 - Raymond Hols - 02-Jan***
***C021 Brenda Kirsten - 02-Jan***
***G012 Piet Kruger - 05-Jan***
***V020 Annamarie Kruger - 05-Jan***
***H043 André Grobbelaar - 06-Jan***
***H017 Danté Pelser - 09-Jan***
***J009 Renier van Schalkwyk - 10-Jan***
***W023 Ricardo Venter - 10-Jan***
***H002* Ben Ricketts - 11-Jan***
***D023 Pierre Muller - 11-Jan***
***W020 Melanie Reynecke - 11-Jan***
***W001 Routjie Roux - 24-Jan***
***W012 Carlo Swanepoel - 25-Jan***
***D045 Awie Esterhuizen - 26-Jan***
***C009 Zack Roux - 29-Jan***
***V016 Danie Swart - 29-Jan***

## *Ill members*

***None***

## *Deaths*

***None***


**Advertisement Costs**
**Businesses and non SAFPA members**
**Quarter page - R250 / Half page - R450 / 3 Quarter page - R650**
**Full page - R850 / Colour cover page - R1200**
**SAFPA members - Only one placement**
**¼ page - R100 / ½ page - R200 / ¾ page - R300 / Full page - R400**


**Banking details**
**Account Name SAFPA**
**Standard Bank Tyger Manor**
**Branch Code 05-04-10-41**
**Account Number 272 692 794**

**National Ringmaster**
**Available**
**Monday to Saturday**
**08:00 - 20:00**
**Sunday after 14:00**


**Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800**



**Redakteur/Editor**
**Christo Munnik**

So kom die jaar alweer op sy einde, vinniger as wat ons gedink het. Baie dinge het dan ook weer die jaar gebeur, baie hoogtepunte en ook laagtepunte, positiewe en negatiewe gebeurtenisse. Gelukkig probeer ek slegs die positiewe onthou want ek is nie meer lus vir kwaadpraters en negatiewe mense in my lewe nie. Die SA's in Bloemfontein was dan ook so 'n hoogtepunt wat ek lank sal onthou al het ons bitter koud gekry in daai massiewe skousaal.

Ek was dan ook weer genooi om die Jeugskou te beoordeel in George, weereens 'n belewenis saam met al die ou en nuwe vriende wat daar bymekaar gekom het vir vier dae se harde werk en lekker pret ook. Ek het plekke gesien wat ek en Cora laas in 1975 gesien het. Ek was wel by die SA's in Hartenbos maar daar waar die saal was, is nou nuwe geboue.

Hierdie is dan ook nou weereens die laaste keer dat die boekie in die formaat gedoen word, volgende jaar gaan ek poog om dit in "A4" formaat te doen. As ek so na die artikels kyk wat ek deesdae ontvang, gaan die boekie dalk so ses bladsye beslaan waarvan twee of dalk drie aan lede en ander advertensies afgestaan sal word. Die een bladsy sal ook die inligting van die trofees bevat saam met die redakteur se blad wat maar die indeks en verjaardae sal wees.

Ek klink nou negatief en ek lees van die UK se kant af dat ons asseblief nou moet positief begin raak oor die SASV maar ek sê vir julle as ek nie genoeg artikels kry nie los ek die boekie vir twee of drie maande tot daar iets is om te plaas.


Ek is nou gatvol gelek en smeek vir artikels glo vir my.

**MODENESERKLUB VAN S.A.**
**President: Jan Lombard - 083 274 1014**
**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**

**DIE PERFEKTE RAS:**
**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne Alle lede se bereik te plaas.**
**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves? - the perfect bird!**

**Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**



*Kan julle glo, hier staan ons alweer aan die einde van nog `n jaar en dis weer Desembertyd, vakansietyd, Kerstyd ……….. 2018 het behoorlik in 'n oogwink onder ons uitgehardloop.*

*Wat `n jaar was dit nie, met sy hoogte en laagte punte. Die SASV het weereens groot geeste verloor en ook familie van ons lede. Ons dink aan hulle wat hul eerste Kersfees sonder hulle geliefdes moet vier. Kom ons hou ons hand in die Here se hand en stap die pad wat vir ons uitgelê is. Wees dankbaar vir wat jy het en tot waar jy gevorder het in 2018.*

*Ongeag wat die jaar opgelewer het, wil ons elke persoon bedank vir sy/haar ondersteuning. Mense verskil en ons kan nooit almal tevrede stel nie. Tog was daar nogsteeds baie hoogtepunte waaroor ons dankbaar is.*

*Laat ons al die onaangename dinge agter ons sit en met nuwe positiwiteit die leisels vat en 2019 `n beter jaar maak. Mag die nuwe jaar vir almal net mooi en opwindende dinge inhou. Onthou jou familie, vriende en duiwe is kosbaar.*

*Hiermee wil Theresa en ek almal 'n geseënde en rustige Kerstyd en voorspoedige 2019 toewens.*

*Chris en Theresa de Bruin*



*Mag die kerfees weereens 'n besondere geleenthied vir elke lid en sy familie wees. Mag julle Sy vrede en vreugde ervaar en dit ook oordra aan die rondom julle.*
*Mag 2019 'n besondere jaar vir elke duiwefamilie wees.*
*Groete. Noordkaap Sierduifvereniging*






GJ van Aswegen
Teel met Norwich Croppers en Working Homers
Kontak besonderhede:
Sel: 082 921 1747
e-mail: gjtlofts7@gmail.com




Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800




***Randgold Lofts wens al ons duiwevriende en gesinne 'n geseënde Christusfees toe, mag julle almal die Grootheid van God ervaar en 'n voorspoedige 2019 vir almal. Lourens en Magda Muller.***





***Die jare kom en gaan en so stap ons die Sierduifpad tesaam. Aan al my medestappers wil ek toebid God's rykste seën vir hierdie Kersgety maar ook vir n wonderlike geseënde 2019. Ook vir julle Christo en Cora met jul familie vrede en vreugde.***
***Ds Renier en Merle Lee***





***Vir my duiwevriende en familie wat deel van my lewe is, deur God so bepaal..... Mag die seisoen van die viering van Christus se lewe, dood en opstanding, jou siel verwarm, liefde deur jou hart laat vloei en seëninge oor jou lewe uitstort. Geseënde Kersfees en voorspoedige 2019 vir almal. Christo en Cora Munnik.***





***Sy sal 'n seun in die wêreld bring, en jy moet hom Jesus noem, want dit is hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos. Dit is mos waaroor Kersfees gaan. Ons wens vir julle almal 'n geseënde Christusfees en voorspoed vir 2019 toe. Harry, Amanda, Juandré en Mi-André Munnik***



**Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**



***Nog 'n jaar het verloop waarin slegte sowel as goeie gebeure plaasgevind het. Kom ons wees dankbaar en behou die goeie. Namens Oostelike Streek wil ons alle lede van die SASV gedurende hierdie Kersseisoen die diepe tevredenheid van n ware Christusfees saam met u geliefdes toewens en mag 2019 vir u vele sëeninge, geluk en goeie gesondheid inhou.***
***At en Riana van Jaarsveld***



***Kom ons kyk in die spieël !***
***Ingestuur deur Rob Lombaard***

Na aanleiding van die artikel wat Theresa de Bruin ingestuur het, het ek besef dat dit seker een van die mees "raakskiet" artikels was wat in 'n lang tyd geplaas is. Dit is lankal tyd dat ons die blinkers afhaal en in die spieël kyk voordat ons rondkyk en klippe begin gooi uit ons glas huisies.

Ek self maak myself skuldig aan juis van die punte wat genoem word. Somtyds per toeval en ander tye met 'n plan in gedagte. Daar is tye wat ek negatiewe punte uitlig en onder ons bestuur se aandag probeer bring om gesprek uit te lok. Ek kan ook sê dat baie lede net terug sit en absoluut niks doen nie, party lede is dalk bang om 'n negatiewe vraag te vra en heel gereeld vir een of ander rede word die tipe vrae deur lede aan my gevra.

Volgens my, is een van die grootste sondes wat gepleeg word in ons stokperdjie en verantwoordelik is vir afname in ledetal "**ONEERLIKE BEOORDELING**". Dit het al in die verlede ooglopend gebeur dat minderwaardige duiwe bo die beter duiwe geplaas word, of dit nou gedoen word om iemand 'n guns te bewys, of te vergoed vir gunste wat gedoen is of dalk net om in goeie boeke te kom by iemand weet ek nie. Die laaste aantal skoue lyk die beoordeling vir my baie meer asof die duif weer eerste geplaas word en nie die vertoner nie. Ek vra dus groot asseblief aan elke beoordelaar, senior- en rasbeoordelaars om asseblief met 'n oop kop by 'n skou op te daag en die beste **SKOU VOORBEREIDE, RASVERTEENWOORDIGENDE** duif eerste te plaas. Ek hoop werklik die punt dring deur, dan sal kwaliteit duiwe weer

**Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003**
**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800**

na vore kom en ons skou uitslae minder bevraagteken word.

Dan aan lede wat op besture dien, of dit spesialiteitsklub-, Streek- of Uitvoerende komitee is, julle word vir jul poste gekies deur die lede met die doel om die lede te dien en ons stokperdjie te laat groei, geen persoon word in 'n pos geplaas om gesag uit te oefen en te dikteer nie. Daarom vra ek aan bestuurslede om weereens in die spieël te kyk en klem te lê op jul mense verhoudinge, want die persoon wat swak mense verhoudinge het op bestuursvlak is weereens 'n resep om lede te verjaag.

Kom elkeen van ons probeer om onsself te verbeter, ons duiwe en ons organisasie bo onsself te plaas en ons vereniging weer positief en aan die groei te kry!

Ek self het my duiwe baie afgeskaal, my wedvlugduiwe neem baie tyd op gedurende skou seisoen en werkslas in ons buurstate vereis ook dat ek baie minder tyd deurbring by die duiwe om skou voorbereiding te vervolmaak. Daar waar ek wel kan bywoon sal ek dit doen met 110% toewyding en positiewe gesindheid.

Groete



***SA's 2018 te Bloemfontein***
***Seppie Esterhuysen***

En daar is SA's 2018 ook iets van die verlede, ek het so lank daarna uitgesien!! Elke SA's is iets besonder, nooit sal enige SA's volpunte kry nie, maar elkeen staan uit in 'n spesifieke kategorie of meer.

Hierdie skou het volgens my uitgestaan met sy lekker pannekoektafel, Donderdagaand se dinee en natuurlik die KOUE. Junior, geluk, jy het dinge mooi vlot laat loop.

'n SA's is die plek waar elkeen met sy duiwe kom uithang. Ja, ook vol verwagting vir 'n raswenner, of 'n Top 7 toekenning of vir daardie skaars ene, Kampioenduif. Daardie wenduif was 'n wenner. Vir my is die weersien van daardie bekende gesigte net so 'n hoogtepunt. Ons kyk die meer plooie of grys hare of ietsie meer om die middel wat bygekom het mis. As jy na die tyd bietjie terugkyk dan ontdek jy dat jy iemand selfs beter leer ken het. Doen ons moeite om mekaar beter te leer ken of selfs daardie alleenlopers nader te trek. Soos mens ouer word raak suke dinge meer belangrik vir 'n mens. Ja, wen is altyd lekker, maar net soveel lekkerder as ek in die proses die om my ook soos iemand laat voel en nie soos niemand nie!!

Ek staan die dinsdagoggend in die groot

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

saal en skryf my duiwe se ringnommers op my vorm. Glo my, die laaste paar kon ek byna nie skryf nie, koue. Warmte is meer my sterkpunt, maar suffer ook maar as die grade styg na 42℃. 'n Koppie warm koffie het natuurlik alles reggemaak.

Stadig daag die vertoners op, so lekker om die ou gesigte weer te sien. Lekker om van die juniors weer te sien, 'n mens raak so bang dat hul gaan wegraak. Daar is natuurlik 'n tyd dat van hulle wel gaan verdwyn. Dink jou in die volgende situasie in. Matriek is verby en die deure van die grootmenswêreld gaan voor jou oop. Onthou by die universiteit of by die nuwe blyplek is daar nie hokke nie. Dink aan arme pa of ma wat vir 'n paar jaar duiwe moet versorg. Ek troos my daaraan dat as die saadjie van duiwe reggeval het, gaan hulle terugkom. Nadat die weermag en leerdery verby was en ek myself gevestig het, kon alles weer normaal verloop, bedoelend hokke met duiwe en hoenders. Net vere-mense sal dit verstaan!!!!

En daar kom ek toe sonder my karperdmaat, Danie Visser, by die SA's aan. Dit was nogal 'n aanpassing, groter as wat ek gedink het. Ek moes regtig my voete vind, want ek is nie 'n alleenloper nie. Dan ontdek jy daar is nuwe en ou bekendes met wie jy 'n nuwe of dieper band kan smee. Dankie, dit was lekker om met julle te kon meng en gesels.

Beoordeling bly 'n tameletjie. Nog nooit gehoor van iemand wie se duif gewen het die sertifikaat of die rooiplakker wil gaan teruggee omdat volgens sy opinie daar beter duiwe op die skou is as syne in die spesifieke ras. Ek glo die beoordelaars probeer hul bes. Indien hy of sy nie die beste duif laat wen nie dan is dit jammer en is nog erger as dit jou duif is. Beoordeling sou soveel makliker gewees het as jy 'n liniaal gehad het om te meet en weeg, maar dit is subjektief en menslike voorkeure, siening en interpretering van die standaard en vele meer kan bydrae tot verskillende plasings van duiwe. Die druk word dan natuurlik al groter op myself om myself te bekwaam as beoordelaar en so my bydrae te lewer. Hierdie storietjie sal ek nooit vergeet nie. 'n Goeie duiwevriend van my vertel my dat hy een jaar 'n spesifieke ras op die SA's moes beoordeel. Toe hy sy vier seksiewenners langs mekaar plaas om die beste ou, beste jong en raswenner moes aanwys, besef hy die beste duif is nie onder die groepie nie, maar sit nog steeds in die skouhokkie, want die duif wou nie vertoon tydens beoordeling nie. Voor die tyd en na die tyd was dit ooglopend die wenner. Wat maak jy dan? Sy woorde aan my was, "Ek sal nooit weer 'n beoordelaar kritiseer nie". Maak hiermee wat jy wil!!!!! Een beoordelaar het gesê, " Onthou jou duif is net vir 'n paar sekondes of minute voor my, indien hy of sy nie perform nie dan gaan hy of

**President**
**Chris de Bruin**
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**

**Sekretaris**
**Peet Botha**
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail: peetsandra@vodamail co.za**

**Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800**

sy terug skouhokkie toe.” Dankie beoordelaars vir jul taak, ‘n ondankbare taak.
Die lengte van die SA’s sal altyd ‘n omstrede onderwerp wees. Vir sommige is dit regtig vakansie-tyd en vir ander weer slegs ‘n skou met werk wat wag by die huis. Hoe stel jy almal tevrede. Die vergaderings en toetsing van voornemende beoordelaars wat MOET plaasvind tydens die SA’s dra by tot die probleem. Netso kan jy nie Woensdag klaarskou en die namiddag jou duiwe vat en loop nie!!. Met die manier van doen oor jare is daar ‘n kultuur geskep wat moeilik verbreek gaan word. Ek is een van die ouens wat hou van die langer ene. Omdat ons ons duiwe eers Dinsdag kon hok (die rede hiervoor is verstaanbaar en ek aanvaar dit ook so) was die rustigheid van inhok daarmee heen. Net daarmee klaar toe begin die vergaderings, ook baie noodsaaklik. Van die UK-lede moes noodgedwonge maar sit in die vergadering terwyl hul duiwe nog in die houers staan en woensdag begin beoordeling!!! Donderdag word in beslag geneem deur spesialiteitsklub-vergaderings en toetsing van nuwe beoordelaars. Die aanbied van die prysuitdelingsfunksie op Donderdagaande is egter ‘n wenner. Iewers moet die AJV gehou word en die 2de UK-vergadering waar klubs die geleentheid kry om verslag te doen van hul aktiwiteite, dit is vir Vrydag geskeduleer. Sodra die laaste UK-vergadering verby is, kon ons duiwepak en groet. Hoe verkort jy bogenoende?

Hokgroottes en saalbou. Hierdie is nagmerries vir baie skoubesture. Daar moet fondse wees om daardie addisionele hokke te bou of te huur en te gaan haal indien jy dit nie het nie. Gelukkig vir die streke wat oor die nodige fondse beskik om bogenoemde probleem op te los. Netso raak hande wat gewillig is om al die bou- en afbreekwerk te doen sowel as die wat bereid is om die pos van skoubestuurder te aanvaar al hoe skaarser. Enige skou het die nadeel dat nadat al die lekker verby is moet daar opgeruim, skoongemaak en weggepak word. Vra vir die wat dit al baie gedoen het, hul raak later kopsku!!!. Maar wat kry jy gedoen sonder moeite en as dit vir jou stokperdjie is, is jy bereid om die ekstra myl te loop!!!!!!

Aan Vrystaat en sy span, dankie vir ‘n lekker skou, lekker geselskap en lekker kos. Ons as deelnemers waardeer al jul insette.




**Chris de Bruin**
**Teel met Cauchois, American Giant Runts, Strassers, Swiss Mondains & Gros Mondains.**
**Kontak besonderhede:**
**Tel: 012 8191594 (n/u), 012 4200181 (k/u), e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**






Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

**“Beste wat ek ooit gebruik het. Nou ‘n jaar in gebruik. Duiwe in top kondisie. Puik verveer en ken nie meer siek duiwe nie. Het ook puik veerkwaliteit”**

Lourens Muller. Die Duiwehoekie. 29/01/2017




**bioworx ANIPRO Aqua - 25 x 5g R117.34**

**Ander produkte:** **bioworx AVIANPRO (Brouersgis) 1kg R156.18**
**bioworx ENERGYOIL 500ml R182.00**
**bioworx ENERGYOIL 1lt R346.30**
**bioworx BIOFUEL 1kg R125.99**
**bioworx DECHLOR 500g R255.00**

***(BTW ingesluit / Afleweringsfooie uitgesluit)***

**bioworx (edms) bpk** 2000/019696/07
Dekgrasweg 429 Sivertondale Pretoria Tel: 012 348 8888 / 082 879 4208
E-pos: hennie@bioworx.co.za Webwerf: www.bioworx-pigeon.co.za



Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800



**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**



**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**

**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**





**NAK Smit**
**Teel met**
**American Show Racers**
**Patrysstraat 36**
**Stellenbosch 7600**
**Cell: 072 585 0348**
**E-pos: naksmit@adept.co.za**



**Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**




Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

## Rules

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A report about a match meeting will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Reëls

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat R850 aan 'n advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Important information

### Order from the Nat Ringmaster:

1. **Book of Standards R200 each**
2. **SAFPA ties (Navy blue) R60 each**
3. **SAFPA Pocket badge (Navy blue) R35 each**
4. **SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**
5. **SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**
6. **Metal Member & Judges scrolls R50 each**
7. **National pocket badges (Green) R40 each**
8. **National Honour scrolls (Green) R30 each**
9. **National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact Robin Prince for correct postage**

## Score board

### Bankofs Shield

| | |
|---|---|
| 1. Freestate: | 2303 |

### Manie Fourie Trophy

| | |
|---|---|
| 1. Northern Freestate: | 1134 |
| 2. North-of-the-Vaal: | 1086 |
| 3. Western Transvaal: | 840 |
| 4. Northern Cape: | 653 |
| 5. Eastern Region: | 450 |
| 6. Eastern Province: | 450 |
| 7. KwaZulu-Natal: | 334 |
| 8. Western Cape: | 0 |
| 9. SW Districts: | 0 |

### Bertie Wessels Trophy

| | |
|---|---|
| 1. KwaZulu-Natal | 0 |



Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



*Ds Hennie Hattingh ontvang Ere-Presidentskap toekenning van Chris de Bruin, Nasionale President van die SASV*



*Pierre le Roux Ere-President van die SASV ontvang die Hoofbeoordelaars Trofee van die Nasionale President*

***Die volgende vier fotos van Seppie Esterhuysen vetel die storie van wat gebeur het tydens die 2018 SA's in Bloemfontein van Modenas in hulle hokkies, lekker eet by die prysuitdeling, Seppie se mooi Runt en Modena beoordeling.***



